



DIE UITLEEF VAN 'N HEILIGE LEWE

SLEUTELTEKS

Wees bly; word volmaak; laat julle vermaan; wees eensgesind; hou vrede, en die God van liefde en vrede sal met julle wees (2 Kor. 13:11).

Efésiërs 2:1. En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en sondes **2.** waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk, **3.** onder wie ons ook almal vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.

Romeine 6:17. Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is, **18.** en, vrygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid. **19.** Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle jul siele diensbaar gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking. **20.** Want toe julle diensknegte was van die sonde, was julle vry van die geregtigheid. **21.** Watter vrug dan het julle toe gehad van die dinge waarvoor julle jul nou skaam? Want die uiteinde daarvan is die dood. **22.** Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe.

1 Petrus 3:8. En eindelijk, wees almal eensgesind, medelydend, vol broederliefde en ontferming, vriendelik. **9.** Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën intendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beërwe. **10.** Want wie die lewe wil liefhê en goeie dae wil sien, moet sy tong bewaar vir wat verkeerd is, en sy lippe dat hulle geen bedrog spreek nie. **11.** Hy moet afwyk van wat verkeerd is, en doen wat goed is; hy moet vrede soek en dit najaag. **12.** Want die oë van die Here is op die regverdiges en sy ore tot hulle gebed, maar die aangesig van die Here is teen die kwaaddoeners.

Achtergrondverwysings

1 Joh. 3:1-8; Rom. 12:9-16;
1 Pet. 1:3-9

Toewydingsgedeelte

1 Johannes 2:1-6

Sentrale Waarheid:

Ons dokumenteer en bewys heiligheid deur heilige lewens te leef, en ook deur Christelike etiese gedrag.



UITEENSETTING VAN DIE LES

INLEIDING

Die heilsorde wat dr. Adam Clarke in sy boek *Christian Theology* gee, is behulpsaam in die bespreking van hierdie les:

1. Sonde-oortuiging.
2. Berou oor sonde.
3. Geloof in die Here Jesus Christus wat vir ons oortredinge oorgelewer en vir ons regverdigmaking opgewek is.
4. Regverdigmaking, of die vergifnis van alle sondes wat gedoen is deur geloof in Christus se bloed, gepaard met die getuienis van sy Gees in ons harte dat ons sondes vergewe is.
5. Heiligmaking, wat progressief is terwyl ons in Jesus Christus, ons Hoof, in alle dinge opgroei. Die begin van dié proses kan oombliklik wees, omdat God dikwels in 'n oogwink die hart van sonde kan reinig. Hierna kan die saad van geregtigheid groei en vrug dra in ons lewe.
6. Volharding in die toestand van heiligmaking, terwyl ons glo, waak en werk om in die volle verlossing bevestig te bly en elke uur dieper indrukke van ons verseëling in God kry.
7. Verheerliking is die gevolg, want hulle wat getrou tot die dood toe bly, sal die kroon van die lewe ontvang.

Sonder sonde-oortuiging is daar geen berou nie; sonder berou geen geloof nie; sonder geloof geen regverdigmaking en heiligmaking nie; en sonder heiligmaking geen verheerliking nie.



1. 'N BEGIN IN WEDERGEBOORTE (Efésiërs 2:1-3)

En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en sondes (v. 1). Elke lid van die geslag van Adam word geestelik dood in die wêreld gebore en is glad nie in staat om homself lewend te maak nie. Volgens Wesley verwys "misdade" hoofsaaklik na die Jode wat wette gehad maar dit nie nagekom het nie omdat hulle na die vlees geleef het. Die begrip "sondes" verwys na die dae van die heidene wat die prins van die lug [Satan] navolg.

Waar julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld (v. 2). Dit is nie 'n geïsoleerde geval nie, maar eerder 'n beskrywing van alle nasies op aarde wat buite die genade leef. Die verdorwe natuur en neiging tot sonde in die gevalle mens beïnvloed hom voortdurend op 'n koers wat in opposisie teen God is: "omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie" (Rom. 8:7). Om hierdie rede is die gevalle mens in 'n bondgenootskap met **die owerste van die mag van die lug.** Hierdie verwysing is na Satan, die god van hierdie wêreld (2 Kor. 4:4). Hy is die leier van die owerhede, magte en die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu (Ef. 6:12). Volgens

Wordsworth is hierdie magte uit die hemel gegooi maar nog nie tot die hel beperk nie en het nou hulle koninkryk in die lug [die laer atmosfeer]. Mense word óf deur God óf deur die magte van die Bose gemotiveer, daarom word die ongereddes tereg **die kinders van die ongehoorsaamheid** genoem. Die diaboliese, anti-God gees van rebellie wat eerste deur Lucifer in die hemel gemanifesteer is, is die beherende faktor in die lewe van elke ongeredde persoon.

Onder wie ons almal ook vroeër gewandel het (v. 3). Paulus sê dat almal van ons se lewens "vroeër" op 'n afdraende koers was. Hier het ons 'n duidelike beskrywing van die onweergeborenes wat in voortdurende gehoorsaamheid aan hulle gevalle, sensuele en diaboliese voorliefdes leef. **In die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.** "Natuur" in Grieks impliseer dít wat in ons gegroei het as die kenmerkende eienskap van ons wese. Dit het saam met ons gegroei en sterk geword, in teenstelling met dít wat van buite af op ons oorgedra is deur eksterne invloede. Die natuur is dus inherent en nie aangeleer of verkry nie (Job 14:4; Ps. 51:7). Dit is 'n toevallige bewys van die leer van die oorspronklike sonde [of erfsonde].



2. GESENTEER IN HEILIGMAKING (Romeine 6:17-22)

Julle was diensknegte van die sonde, maar het van harte gehoorsaam geword (v. 17). Dit was weens 'n kettingreaksie van keuse en gevolg dat ons vroeër almal op die pad van die dood was. Danksy die Here se ingryping het dit alles egter verander. Ons het "in die hart" aan die nuwe lewenspatroon van die evangelie van genade gehoorsaam geword. Genade is op gehoorsaamheid ingestel – nie op losbandigheid nie. Elke daad van gehoorsaamheid bind ons nóg stewiger aan ons bekeerde bestemming vas. Dit is nie die ou patroon van redding deur werke wat deur Paulus verwerp is nie. Dit is eerder redding deur genade wat gehoorsaam in ons daaglikse lewe uitewerk word as deel van 'n vaste hoop.

Vrygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid (v. 18). Die mens was nooit absoluut onafhanklik nie. Sy vryheid is om te kan besluit watter meester hy wil dien en watter bestemming hy as gevolg daarvan sal nastreef. Deur genade is die regte keuse en 'n suksesvolle nastrewing daarvan moontlik.

Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees (v. 19). Paulus gebruik die beeld van 'n slaaf en sy meester om die idee van 'n oorweldigende beïnvloeding uit te druk wat hy wil beklemtoon. **Want net soos julle jul siele diensbaar gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking.** Soos hulle vroeër met groot entoesiasme hulself aan losbandigheid oorgegee het, moet hulle nou met dieselfde intensiteit in die koninkryk van God diensbaar word.

Want toe julle diensknegte was van die sonde, was julle vry van die geregtigheid (v. 20). Julle het gedink dat geregtigheid onaangenaam en beperkend was. Julle was inderdaad vry daarvan as gevolg van julle gebondenheid aan die sonde. Hoe meer julle hieraan dink, hoe meer skrikwekkend word dit. Om vry van geregtigheid te wees, beteken om vol boosheid, perversie en goddeloosheid te wees. Alles wat faal om aan 'n standaard te voldoen, is nie soos God nie.

Watter vrug dan het julle toe gehad van die dinge waarvoor julle jul nou skaam? (v. 21). Noudat julle ontwaak het, is julle baie skaam oor al hierdie dinge. Dit is hoogs ontstellend en frustrerend. Julle kan julleself glad nie indink wat julle ooit in hierdie dinge gesien het wat dit die moeite werd gemaak het om dit na te volg nie. Die einde daarvan is die dood.

Maar nou [inteenstelling met "toe" in v. 21] dat julle vrygemaak is van die sonde (v. 22). Hulle het nou nét so vry van sonde geword as wat hulle vroeër, toe hulle ongered was, vry van die geregtigheid was. Hulle het hulself nie deur hulle eie pogings van moraliteit of werke van geregtigheid bevry nie. Hulle vryheid het deur die krag van goddelike genade gekom. Net die krag van God kan 'n hart verander. Hulle het **diensbaar geword aan God**. Daar is nie so iets soos absolute vryheid van alle wette nie. So teenstrydig as wat dit mag klink, is die enigste vryheid wat in hierdie wêreld die moeite werd is, diensbaarheid aan God. Ons hou op om diensknegte van die sonde te wees wanneer ons diensknegte van God word. **Julle het jul vrug tot heiligmaking.** Die vrug is dít wat voortgebring word. Dit is die gevolg. Die gevolg van die verlossing van sonde is 'n heilige lewe. Dit is die groot doel van die evangelie – om heiligmaking in die lewens van mense voort te bring wat vroeër as sondaars 'n sondige lewe geleidelik het. Verlossing gaan om veel meer as om ons net van die verdoemenis te red.



3. GEDEMONSTREER IN 'N HEILIGE LEWE (1 Petrus 3:8-12)

Eindelik (v. 8). Petrus kom nou by die belangrike stelling wat hy wil maak. Hy wou nie sy brief afsluit nie, maar het hom van spesifieke dinge af tot die breër Chrisendom gewend. **Wees almal eensgesind.** Die sosiale verhoudings in die Christelike familie moet deur eenheid gekenmerk word. Dit beteken dat hulle dieselfde ingesteldheid teenoor dinge moet hê. Paulus sê hieroor: "Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge" (Rom. 8:5). Petrus het sy lesers vermaan om die belange van Christus en sy koninkryk deur hulle gemeenskaplike ywer en entoesiasme te bevorder. Hulle moes **medelydend, vol broederliefde, ontfermend en vriendelik** wees. Heilige mense moet 'n sterk liefde, ontfermende harte en 'n nederige ingesteldheid teenoor mekaar hê.

Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën intendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is (v. 9). Christene moet teenoor ander optree soos die optrede wat hulle teenoor hulleself verwag. Dit is ons roeping om goed te doen en dit is ons groot taak in die lewe. Ons moet kwaad met goed vergeld en God se seëninge selfs op ons bitterste vyande laat rus. Dit is nie net ons plig om dit te doen nie, maar dit is ook in ons belang omdat God se seëninge as gevolg hiervan in 'n ryke mate op ons lewe sal rus.

Want wie die lewe wil liefhê en goeie dae wil sien, moet sy tong bewaar vir wat verkeerd is, en sy lippe dat hulle geen bedrog spreek nie. Hy moet afwyk van wat verkeerd is, en doen wat goed is; hy moet vrede soek en dit najaag (v. 10-11). In hierdie verse het Petrus waarhede uit Ps. 34:12-16 as riglyne vir 'n goeie lewe geneem. Dit bestaan uit die verwerping van bose gedagtes en dade en die najaag van 'n vreedsame lewe onder die voorsienende sorg van God. Die gevolg hiervan sal nie net goeie dae in hierdie lewe wees nie, maar ook in die hiernamaalse lewe.

Want die oë van die Here is op die regverdiges en sy ore tot hulle gebed (v. 12). Dit is die uitnemende seëninge van diegene wat die kwaad verwerp, die Here met rein harte dien en ook in liefde na hulle naaste uitreik. Hulle hou hulle nie met die probleme en sondes van die lewe besig nie, maar tel hulle seëninge en kan terugkyk op 'n lewe van ryke seën op aarde. Hulle het tye van verkwikking voor die aangesig van die Here en kan ook van gebedsverhoring getuig. Dit is goed om te weet dat die oë van die Here op die regverdiges is en sy ore tot hulle gebed.



KOMMENTAAR OOR DIE SLEUTELTEKS

Wees bly; word volmaak; laat julle vemaan; wees eensgesind; hou vrede, en die God van liefde en vrede sal met julle wees (2 Kor. 13:11).

Wees volmaak. Paulus verwys beide na persoonlike volmaaktheid én die volmaaktheid van die kerk deur die regte ingesteldheid van al sy lede in Christus (Vincent). Godbey sien dit as 'n verwysing na volmaakte liefde: "Hierdie werkwoord is in die bevelsvorm en gee dus positief en uitdruklik aan almal 'n opdrag oor Christelike volmaaktheid." John Wesley het sy predikers soos volg vermaan: "Verkondig Christelike volmaaktheid gedurig, ernstig en uitdruklik."

Vroeër in hierdie brief het Paulus gesê: "Laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring" (2 Kor. 7:1). Hy herhaal dit weer aan die einde van die brief: "En hierom bid ons ook, naamlik om julle volmaking" (13:9). In die sleutelvers (13:11) roep hy die gemeente vaarwel toe met die vermaning tot volmaaktheid. Volmaakte liefde kan nou die deel van die gelowige wees, terwyl hy absolute volmaaktheid eers by sy verheerliking sal kry.

Wees bly. Daar is geen groter blydschap as om te weet dat jou verhouding met God én jou medemens reg is nie. Die Heilige Gees is die Trooster van die gelowiges, wat aan hulle blydschap in hulle harte gee. Aan die ander kant skep dit groot ongelukkigheid as jy innerlik daarvan bewus is dat dinge op hierdie terrein nie reg is nie.

Wees eensgesind. Mag julle almal dieselfde dinge nastreef, die dinge van die Gees, dinge wat waar is, wat goed is, wat rein is en wat loflik is. "Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was" (Fil. 2:5).

Hou vrede, en die God van liefde en vrede sal met julle wees. Jesus word oral in die Bybel as die Prins van Vrede erken, terwyl Hy terselfdertyd deur die geïnspireerde skrywers as 'n magtige stryder voorgestel word wat teen sonde, die dood en die hel geveg en hulle oorwin het. By ons bekering ontvang ons vrede met God, maar in heiligmaking word die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, ons deel. Dit bewaar ons harte en ons sinne en hou ons in harmonie met ons Leidsman, Jesus Christus. Hy is die Prins van Vrede wat die uitwissingsoorlog teen sonde voer. Sonder die vernietiging van sonde kan daar nie so iets as 'n permanente en blywende vrede wees nie (Godbey).

Dit is moeilik, indien nie onmoontlik nie, om in vrede te leef terwyl daar oorlog in ons harte is, want harte wat vol onrus is, bevorder konflik en stryd. Die liefde kan nie bestaan waar daar rusies, argumente en verdeeldheid is nie. Waar liefde en vrede nie te vinde is nie, daar kan God nie wees nie. As Hy nie teenwoordig is nie, is mense in die geselskap van hulleself en die duiwel (Clarke).



LEERSTELLIGE BESPREKING

Dit is baie paslik om hierdie praktiese toepassing van die leer van heiligmaking te hê. Ons moenie dink dat omdat Paulus die vermanings oor etiese gedrag aan predikers rig, dit net vir hulle bedoel is nie! Baie van hierdie eienskappe is die enigste moontlike manier vir 'n heilige persoon om te leef, bv. monogamie, waaksaamheid, nugterheid, gasvryheid ens. Ons aanvaar die leerstelling van John Wesley dat "suiwer liefde" die essensie van heiligheid is. Dit is met die oog hierop dat ons die vereistes vir 'n heilige lewe gee soos dit in 1 Kor. 13:1-7 genoem word.

'n Heilige lewe word fyn deur die Heilige Gees ingestel, sodat daar 'n korrekte balans tussen selfvernedering en selfversekering in ons lewens is. Die liefde is welsprekend, onderriggend en het 'n onderskeidingsvermoë. Dit kan berge versit, hoewel die meeste mense nie eers in staat is om die molshope te verskuif waaroor hulle struikel nie. Die liefde kan homself as 'n offer gee en is lankmoedig in lyding. Die volmaakte liefde is:

- stadig om te verdink, gou om te vertrou;
- stadig om te veroordeel, gou om te regverdig;
- stadig om aanstoot te gee, gou om te verdedig;
- stadig om te openbaar, gou om te bedek;
- stadig om te berispe, gou om te verdra;
- stadig om te verkleineer, gou om te waardeer;
- stadig om te eis, gou om te gee;
- stadig om uit te daag, gou om te versoen;
- stadig om te hinder, gou om te help; en
- stadig om te verafsku, gou om te vergewe.

Indien jy dalk dink dat dit nie heiligheid is nie, probeer dan om dit uit te leef terwyl jy vleeslik is! Die woord in Grieks wat vir lankmoedigheid gebruik word, beskryf omtrent altyd geduld met mense. Dit kom van twee woorde af, naamlik 'n "lang gemoed." Hierdie uitdrukking kom ook in 2 Pet. 3:9 voor, wat lui: "Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom."

Daar was al baie gevalle van sondaars wat uiteindelik tot bekering gekom het nadat Christene lankmoedig, vriendelik en behulpzaam teenoor hulle opgetree het. Dit word vertel van 'n man wat elke keer dronk van die dorp af na sy huis teruggekom het. 'n Christen het hom ontferm oor hierdie man wat al slingerende geloop het, omdat hy bang was iemand ry hom raak. Hy

het hom opgelaai, na sy huis toe geneem, skoongemaak en in die bed gesit. Later is hierdie man gered. Hy het gesê dat dit die lankmoedigheid en vriendelikheid van die Christen was wat hom oorgewen het. Is ons vriendelik, behulpsaam en lankmoedig teenoor ander persone in die samelewing wat dalk ons hulp dringend nodig het?

Die liefde is nie jaloers op andere wanneer hulle suksesvol is nie, maar is bly saam met hulle. Die liefde handel nie onwelvoeglik nie, maar is vriendelik en hulpvaardig. Dit soek ook nie sy eie belang nie, maar bevorder die belange en regte van ander. Isak het 'n put gegrawe waarvan die eienaarskap betwis is. Hy het nie hieroor gestry nie, maar 'n ander een gegrawe. Mense het hom hieroor gehaat, daarom het hy dit gelos en nóg een gegrawe wat nie betwis is nie. Hy het dit *Rehobot* genoem, wat *Ruimte* beteken.

Die liefde word nie verbitterd of kwaad onder provokasie nie. Elke keer as jy jou humeur verloor, dan wys jy dat die vlees oor jou heerskappy voer.

Die liefde reken die kwaad nie toe nie en skuif alle bose gedagtes oor ander mense van hom af weg. Die teenoorgestelde hiervan sou wees om van jou verontregting deur ander mense rekord te hou. Dit is presies wat mense in sekere dele van Indonesië doen. Hulle neem stroke van palmblare en hang dit aan hulle huise se plafonne op. As iemand iets verkeerd aan hulle doen, dan skryf hulle dit op een van daardie stroke sodat hulle dit nie moet vergeet nie. Elke keer as hulle teen die betrokke persoon vasloop, dan onthou hulle die kwaad wat hy aan hulle gedoen het. Daar is baie mense in die wêreld wat hierdie gesindheid openbaar deur nêr so verbitterd en onvergewensgesind teenoor diegene te wees wat hulle benadeel het.

Die liefde is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Die ware liefde ween oor die kwaad, maar is opreg saam met ander bly oor hulle sukses.

Hierdie verse is die samevatting van 'n heilige lewe. Dit mag wees dat sekere mense kleiner hoeveelhede van dié kenmerke in hulle lewe het. Dit is egter nodig om eers alle onreinheid uit die weg te laat ruim sodat ons ten volle met die natuur van God vervul kan word. Mag die Here ons harte hiervoor reinig en verruim!

Die volgende is praktiese eienskappe van 'n lewe van heiligmaking:

- 'n duidelike ervaring van regverdigmaking;
- 'n volkome gehoorsaamheid aan die wil van God;
- 'n gelowige lees van die Woord;
- 'n lewenskragtige gebedslewe;
- 'n sensitiewe gewete, selfs vir die klein dingetjies;
- 'n selfverloëning ter wille van Jesus;
- 'n begeerte dat alle gesprekke oor die geestelike welsyn van mense sal eindig;
- 'n ingesteldheid om boeke of artikels te lees wat oor heiligmaking en die vervulling met die Heilige Gees handel;
- 'n belydenis wat vorentoe kyk na die vervulling van die Here se beloftes;
- 'n dors na die geregtigheid van God; en
- die gebruik van alle genademiddels.



VRAE EN ANTWOORDE

Wanneer 'n persoon volkome heilig gemaak is, het hy nie die kruin van sy lewe bereik nie. Die lewe gaan voort, met sy hoogte- en laagtepunte en middelmatige ervarings. Ons les handel oor die onderwerp van 'n heilige lewe, waardeur ons in staat gestel word om die soet én suur van die lewe te kan hanteer. Die volgende is vrae en antwoorde oor hierdie lewe:

1. **Wat is die basiese begeerte van 'n waarlik geheiligde persoon?** Om God ten volle lief te hê en te behaag deur Hom te dien en sy leiding te volg. Paulus bid die Kolossense toe: "dat julle vervul mag word in die kennis van sy wil in alle wysheid en geestelike insig, sodat julle waardig voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei" (**Kol. 1:9-10; kyk ook 1 Joh. 2:6 en Matt. 22:37**).

2. **Hoe kan 'n persoon reg leef voor God?** Die toestand van die geestelike hart help om te bepaal hoe ons sal optree (Spr. 4:23). As ons hart boos en onrein is [die natuurlike staat van die ongeheiligde] sal ons God mishaag. Volgens Matt. 15:19 kom slegte gedagtes, moord, egbreuk, hoerery, diefstal, valse getuigenis en lastertaal uit 'n bose hart. 'n Gereinigde hart sal egter die regte gedrag bevorder. Volgens **Matt. 12:35** "bring die goeie mens uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn."

As ons God toelaat om ons harte van alle sonde te reinig en dit met sy teenwoordigheid te vul, dan kan ons reg voor Hom leef. Ons moet natuurlik aanhou om Hom te gehoorsaam en deur die geloof te lewe (**Rom. 6:18; 1 Joh. 2:6**).

3. **Wie is die bron van krag vir 'n geheiligde persoon? Kan 'n mens hierdie lewe uit jou eie krag lei?** God is die bron van krag vir die geheiligde. Hy, en net Hy alleen, kan ons die krag gee om suiwer en sondelose lewens te lei. Volgens **1 Pet. 1:5** word ons "in die krag van God bewaar deur die geloof tot die saligheid." **Kolossense 1:11** sê dat ons "met alle krag bekragtig word volgens die mag van sy heerlikheid." **Efésiërs 3:16** sê dat die Here aan ons gee om "na die rykdom van sy heerlikheid met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens." Volgens **2 Kor. 10:4** is "die wapens van ons stryd nie vleeslik [menslik] nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp." 'n Persoon kan glad nie op sy eie krag vertrou om 'n heilige lewe te lei nie. God moet Hom met sy teenwoordigheid vervul en hom sodoende met krag uit die hoogte bekleed.

4. **Wat is sommige van die maniere waarop 'n heilige persoon moet leef? Wat is die eienskappe van heilige mense?**

- a. Ontfermend (**1 Pet. 3:8**).
- b. 'n Ware liefde vir ander (**1 Pet. 3:8; Rom. 12:9**).
- c. Medelydend [‘n sagte hart] (**1 Pet. 3:8**).
- d. Vriendelik (**1 Pet. 3:8**).
- e. Vergeld nie kwaad met kwaad nie (**1 Pet. 3:9**).

- f. Spreek nie kwaad nie (1 Pet. 3:10).
- g. Doen goed en verafsku kwaad (1 Pet. 3:11).
- h. Soek vrede en jaag dit na (1 Pet. 3:11).
- i. Diensbaar aan die geregtigheid (Rom. 6:18).
- j. Is nie lui nie (Rom. 12:11).
- k. Hoopvol (Rom. 12:12).
- l. Geduldig in verdrukking (Rom. 12:12).
- m. Volhard in die gebed (Rom. 12:12).
- n. Help die behoeftiges (Rom. 12:13).
- o. Gasvry (Rom. 12:13).
- p. Seën dié wat hom vervolg (Rom 12:14).
- q. Meegevoel met ander (Rom. 12:15).
- r. Identifiseer met die nederiges (Rom. 12:16).
- s. Eerlikheid (Rom. 12:17).
- t. Leef so vreedsaam as moontlik (Rom. 12:18).
- u. Neem nie wraak nie (Rom. 12:19).
- v. Verloën goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede (Titus 2:12).
- w. Ingetoë (Titus 2:12).
- x. Nie wêreldsgesind nie, maar is verander deur die vernuwing van sy gemoed (Rom. 12:2).
- y. Word deur die Heilige Gees gelei (Rom. 8:1).
- z. Oorwin die kwaad deur die goeie (Rom. 8:6).

5. Kan die geheiligde persoon tot sonde versoek word? Is versoeking sonde? Hoe kan versoekings oorwin word? 'n Geheiligde persoon kán tot sonde versoek word. 1 Petrus 1:7 praat van "die beproefdheid van julle geloof." Jakobus 1:2 sê: "Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val." Hebreërs 4:15 verwys na Jesus "wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde."

Versoekings is nie sonde nie. In 'n geestelike sin is dit 'n poging wat regstreeks of onregstreeks deur Satan aangewend word om 'n persoon oor te haal om sonde te doen. As hy nie aan die versoeking toegee nie, het hy nie gesondig nie. Sonde is die **oortreding** van die wet. In Jak. 4:7-8 word drie stappe genoem wat gevolg kan word om versoekings te oorwin. **Stap 1:** Onderwerp jou aan God, sodat jy volkome onder sy beheer is. **Stap 2:** Weerstaan die duiwel in die naam van die Here, dan sal hy van jou wegvlug. **Stap 3:** Nader tot God en Hy sal tot jou nader. Hy sal jou help:

"Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan verdra" (1 Kor. 10:13).

6. Kan 'n geheiligde persoon sondig en nogtans aanhou om 'n heilige lewe te lei? Nee. Ons word in 1 Kor. 10:12 gewaarsku dat ons versigtig moet wees om nie weer te sondig nie. As iemand moedswillig en in stryd met God se Woord sondig, dan is die liefde van God nie in hom nie (1 Joh. 3:6 en 9).

'n Geheiligde persoon het die godgegewe keuse om 'n heilige of 'n sondige lewe te lei. Hy kán sondig, maar hy wil dit as gevolg van sy liefde en toewyding teenoor God nié doen nie. Judas 1:24 impliseer ook dat 'n Christen kan sondig, wanneer hy sê: "Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar." 1 Johannes 2:1 dui ook aan dat ons kan sondig: "My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het..." Wanneer 'n Christen sonde gedoen het, moet hy reguit na Christus gaan en Hom vra om vir begenadiging voor die Vader se troon te pleit: "Ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes" (1 Joh. 2:1-2).

7. Word menslike eienskappe deur volkome heiligmaking van 'n persoon verwyder? Het die geheiligde nog sy eie persoonlikheid? Kan hy nog menslike foute maak? Die geheiligde persoon is nog steeds volkome menslik. Hy word honger, moeg, depressief, bly, bedroef, opgewonde ens. Heiligmaking help 'n persoon om sy menslike passies en swakhede te kan beheer op 'n manier wat God behaag, omdat hy sy wil aan God se wil onderwerp en sy hart met die Gees van God vervul is.

Die basiese persoonlikheid van 'n kind van die Here bly dieselfde as vroeër. Ná sy heiligmaking sal 'n persoon waarskynlik nog steeds ernstig, snaaks, optimisties, lief vir die buitelewe, of wat ookal wees. Hy word egter nou deur die Heilige Gees gelei. Indien hy hierdie leiding aanvaar, kan hy steeds van sy ou persoonlikheidseienskappe vertoon, maar nou is hulle onder die Heilige Gees se beheer en hy leef reg voor die Here. Hy kan as mens nog foute maak en moet dan vir die Here vra om hom dit te vergewe. Sy hart sê nog altyd ja vir God en hy hou aan om Hom te dien – nieteenstaande sy menslike persoonlikheid.

8. Is die inisiële stap van toewyding wat gedoen word wanneer volkome heiligmaking gesoek word, vir altyd genoeg? Die toewyding van ons "alles" aan God is 'n moet as ons volkome geheilig wil word. Ten tye van ons oorgawe is daar 'n deel van daardie alles wat onbekende toekomstige omstandighede en situasies insluit. Soos die tyd verbygaan, ontstaan daar nuwe situasies wat hanteer moet word. Die Here wil hê dat ons ook hierdie onbekende toekoms aan Hom moet toevertrou. Hy sal ons die krag en wysheid gee om elke nuwe uitdaging of probleem te bowe te kom.

'n Daaglikse hertoewyding aan die Here se wil sal die geheiligde persoon help om steeds reg voor God te wandel. Na hierdie daaglikse toewyding word in Luk. 9:23, 1 Kor. 15:31 en Gal. 2:20 verwys. Ons moet "elke dag" ons kruis opneem en Hom volg.

Die geheiligde persoon tree nie soos die wêreldlinge op nie. Alhoewel hy menslik is, word hy nou deur die Heilige Gees van God gelei om opreg voor God en die mense te wandel. Solank as wat hy sy wil aan die wil van God ondergeskik hou en gehoorsaam in die geloof lewe, sal hy voortgaan om 'n heilige lewe te lei.



REGVERDIGMAKING EN HEILIGMAKING

- * In regverdigmaking is daar lewe – in heiligmaking is daar 'n oorvloedige lewe.
- * In regverdigmaking is daar liefde – in heiligmaking is daar volmaakte liefde wat alle vrees na buite dryf.
- * In regverdigmaking is daar vrede mét God – in heiligmaking is daar die vrede ván God wat alle verstand te bowe gaan.

- * Regverdigmaking vernietig die uitspruitsels van sonde – heiligmaking vernietig die wortels van die sonde.
- * In regverdigmaking word ons met die nuwe mens beklee – in heiligmaking lê ons die oue mens met sy werke af.
- * In regverdigmaking is daar afwisselende blydskap – in heiligmaking is daar 'n volheid van onafgebroke blydskap.
- * Regverdigmaking word deur oorgawe, bekering en geloof verkry – heiligmaking word deur gehoorsaamheid, toewyding en geloof verkry.



'N NUWE BEGIN IN MY BEDIENING!

Ek was 23, ek het al sewe jaar lank gepreek en 15 preke gehad. Ek het gedink dat daardie 15 boodskappe die wêreld sou omkeer. Nadat ek hulle gepreek het, was daar nie eers 15 meer mense in die kerk as toe ek begin het nie.

Toe ek in Mei 1882 met hierdie situasie gekonfronteer was, het God my bewussyn verlig om te besef dat ek 'n versterking deur sy krag nodig gehad het. Ek het 'n oorgawe gemaak, ek is met die Heilige Gees vervul en my hele lewe het verander. Ek het nie 'n nuwe verstand gekry nie, maar 'n nuwe geestelike ingesteldheid. Ek het nie 'n nuwe vorm van spraak gekry nie, maar 'n nuwe doeltreffendheid in my prediking. Ek het nie 'n nuwe woordeboek gekry nie, maar 'n nuwe Bybel!

Ek was onmiddellik 'n nuwe mens. Ek het dieselfde natuurlike hoedanighede gehad, maar dit is lewendig gemaak, met krag en energie versterk en tot só 'n vlak van doeltreffendheid omskep dat niemand ooit gedink het dat dit moontlik was nie. Dit is wat gebeur as die Heilige Gees in sy volheid oor jou kom.

- Samuel Chadwick